



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2015

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.
3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | |
|-------------------------|------|
| AFDELING A: Roman | (35) |
| AFDELING B: Drama | (35) |
| AFDELING C: Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: Gedigte | (35) |
4. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.
5. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.
6. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat julle behandel het.
7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
10. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling/vraag
11. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag.

| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|--|-------|--------------|
| 1. <i>Kringe in 'n Bos</i> | 35 | 4 |
| 2. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i> | 35 | 8 |
| 3. <i>Meeulanders</i> | 35 | 12 |

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag.

| | | |
|------------------------------|----|----|
| 4. <i>Poppie – die drama</i> | 35 | 15 |
| 5. <i>Paljas</i> | 35 | 18 |

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

| | | |
|-----------------------------|----|----|
| 6. "Op soek na Kid Khumalo" | 18 | 22 |
| "Astra Castra" | 17 | 24 |

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

| | | |
|------------------------------------|----|----|
| 7. "Stad in die mis" | 18 | 26 |
| "Things that go bump in the night" | 17 | 28 |

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|----------------|--------------|-----------------------|-------------|
| A: Roman | 1–3 | | |
| B: Drama | 4–5 | | |
| C: Kortverhale | 6 | | |
| D: Gedigte | 7 | | |

LET WEL: Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

1 ... “En nou dink jy jy kan skielik Engels wees en baie geld hê as jy op 'n skip
2 klim?”
3 “Nee. Miskien is dit waarom ek eintlik kwaad is. Ek werk vir jou pa soos 'n wit
4 slaaf en al manier waarop hy my slaaf kan hou, is deur te sorg dat ek niks
5 bekom nie en dat my taal kitchen Dutch bly.”
6 “Jy lees dan al so mooi Engels.”
7 “Dis nie genoeg nie, Kate! As ek nie êrens losbreek nie, gaan die moord te
8 hoog in my ophoop!”
9 “Jy haat my pa, nè?” het sy half bang gevra.
10 “Ja, Kate, ek haat hom.”
11 Sy het stadig opgestaan en weggestap. Soos 'n skoenlapper wat vlerkseer is.
12 Hy het haar nie teruggeroep nie, hy kon nie; hy het net bly sit en die vreemde
13 gevoel dat iets uit hom wegsypel as sy wegstap, deur hom laat spoel ... Dit wat
14 hom laat swoeg het omdat daar 'n sewende dag is.
15 Hy het haar nooit in daardie twee jaar aangeraak nie. Nie met sy lyf of sy
16 hande nie. Sy was verbode soos die groot, wit huis bokant die skuur; soos die
17 klipkerkie met die puntvensters; soos die kwartdek van elke skip wat vasgemeer
18 het en wat die heiligdom van die kaptein en sy vriende was. Sy was verbode
19 soos die *Public Library*.

- 1.1 Saul het vir Kate twee redes gegee hoekom hy by haar pa, MacDonald, gaan
werk het. Noem die TWEE redes. (2)
- 1.2 Wat was die dorpsmense se opinie oor die Bosmense? (1)
- 1.3 Hoekom was Sondae by die skuur vir Saul so spesiaal? (1)
- 1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die
letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4) neer, byvoorbeeld 1.4 E.
- Saul het geglo dat as hy Engels kon praat, hy ...
- A meer aansien by die dorpsmense sou kry.
B weer deur die Bosmense aanvaar sou word.
C toegelaat sou word om met Kate te meng.
D vir die houtkappers se saak sou kon veg. (1)
- 1.5 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer
(1.5) en die antwoord neer.
- Vir Saul was 'n skip nog altyd die simbool van (rykdom/vryheid). (1)
- 1.6 Noem DRIE dinge waaroor Saul en die Bosmense nie saamgestem het nie. (3)

- 1.7 Saul het geglo dat 'n mens net 'n mens is as jy baie geld het en boonop Engels is.
Waarom het Saul hierdie opinie gehad? (1)
- 1.8 Lees reël 3–5. Saul verduidelik vir Kate hoekom hy kwaad is.
- 1.8.1 Wat het MacDonald aan Saul belowe as hy by hom, MacDonald, sou kom werk? Noem EEN ding. (1)
- 1.8.2 Op watter manier het Saul sy pa gehelp deur by MacDonald te werk? (1)
- 1.8.3 Saul het gevoel dat hy MacDonald se slaaf is. Het Saul rede gehad om só te voel? Verduidelik jou antwoord. (1)
- 1.9 Watter lewensles het Saul uit sy verhouding met MacDonald geleer wat hy later in sy houtbesigheid kon gebruik? (1)
- 1.10 Hoe het Kate Saul gehelp om minder soos 'n slaaf te voel? (1)
- 1.11 Wat was Saul se indruk van MacDonald toe hy hom die eerste keer ontmoet het? (1)
- 1.12 Toe Saul Kate se vraag beantwoord het (reël 10), het hy presies volgens sy karakter opgetree.
Motiveer hierdie stelling. (1)
- 1.13 Saul het geweet dat Kate vir hom verbode was. Hoekom was die “Public Library” ook vir hom verbode? (Reël 18–19) (1)
- 1.14 Kate se pa het haar verbied om skuur toe te gaan. Op watter TWEE maniere het Kate se pa haar gestraf omdat sy wel by Saul in die skuur was? (2)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

1 ... Die laaste maande het hy verkies om vroumense te vermy. Daar was dae
2 dat hy Beth se geselskap gemis het, dit selfs sterk oorweeg het om dorp toe te
3 gaan en weer vir haar te gaan kuier. Maar dan het hy besef dat dit onregverdig
4 teenoor haar sou wees, dat dit haar hoop sou gee waar daar nog nie hoop is
5 nie. Miskien later. Wanneer hierdie deurmekaar tyd verby is ...
6 En nou het Kate teruggekom en die wêreld nog meer deurmekaar kom krap
7 met 'n oorlog waarvoor hy nie lus had nie! Haar teenwoordigheid in die Bos het
8 hom omgekras. Êrens het iets jare lank in hom gewag vir hierdie oorlog, maar
9 hy wou dit nie nou gehad het nie ... In Kate is 'n skuldigheid wat sy probeer
10 verdoesel deur alles te verdedig wat hy nie verdedig wil hê nie. Hoekom? Hy
11 laat die bruin boswater verby die volle lengte van sy naakte liggaam vloei tot
12 onder om sy voete waar dit walletjies maak. Maak sy teenwoordigheid in die Bos
13 haar verleë omdat hy haar aan 'n tydperk van haar lewe herinner waaroor sy
14 skaam is? Is sy skaam oor die tyd dat sy met haar pa se houtkneg bemoeid
15 geraak het? Is dit wat hy in haar aanvoel en in haar aanval?

- 1.15 Na watter “hoop” verwys die verteller in reël 4? (1)
- 1.16 Watter band het in Knysna tussen Crompton, Morris, James Stewart en Saul ontstaan? (1)
- 1.17 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.17) en die antwoord neer.
Saul het besef dat die omstandighede in die Bos verander het, want die (ivoorjagters/gouddelwers) het gekom om te bly. (1)
- 1.18 Saul het gesê dat Kate teruggekom en die wêreld kom deurmekaar krap het met 'n oorlog waarvoor hy nie lus was nie. (Reël 6–7)
- 1.18.1 Na watter “oorlog” verwys Saul met hierdie woorde? (1)
- 1.18.2 Hoekom, dink jy, was Saul nie lus vir hierdie “oorlog” nie? (1)
- 1.19 Hoekom het Kate nou, na soveel jare, Bos toe gekom? (1)
- 1.20 Hoekom is dit ironies dat Saul vir Helen Cairncross se man gesê het in watter deel van die rivier hy goud sou kry? (2)
- 1.21 Saul is dikwels deur die Bosmense gebrandmerk.
Hoe het die Bosmense, toe hulle begin swaarkry het, vir Saul gebrandmerk? (1)

- 1.22 Kies die karakter uit KOLOM B wat die woorde in KOLOM A gesê het. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.22.1–1.22.4) neer, byvoorbeeld 1.22.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|--|---------|--------------|
| 1.22.1 | “Ons is houtkappers, nie goudgrawers nie.” | A | Saul |
| 1.22.2 | “Loop sê nou weer vir Harison ons het geskiet!” | B | Maska |
| 1.22.3 | “Ek was gelukkig. Uit my kon die koors stadig padgee.” | C | Oom Anneries |
| 1.22.4 | “Julle staat op julle pa en ma se grafte voor mekaar!” | D | Joram |
| | | E | Jozef |

(4 x 1)

(4)

- 1.23 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.23) neer, byvoorbeeld 1.23 E.

Kate het aan die einde van die verhaal vir Saul gehelp om in Knysna te bly deur ...

- A sewe erwe te koop.
- B 'n meubelfabriek te koop.
- C Crompton se hotel te koop.
- D Thompson se hoekerf te koop.

(1)

- 1.24 Verduidelik hoekom jy dink dat Saul aan die einde van die verhaal vrede gevind het.

(1)

[35]**OF**

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM
– Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

1 So dis normaal dat sy soms sal wonder waar haar talent vandaan kom. Met 'n
2 ma wat heeldag in die grond rondgrawe en 'n pa wat heeldag in ander se monde
3 rondgrawe.
4 En dan word sy een oggend wakker, ná 'n eienaardige droom oor 'n meisie
5 met die naam Hanna Hoekom wat saam met 'n spul wilde broers in 'n spektakel
6 van 'n huis woon, en sy onthou dat die meisie se ma 'n woeste boskasie van 'n
7 haarstyl gehad het wat met verfkwaste bo-op haar kop vasgesteek was. En haar
8 eerste verwarde gedagte is: Miskien is daardie verfkwasvrou my ma? En dan
9 vryf sy oor haar oë en skuif regop en besluit dit was net 'n nagmerrie.
10 Maar die saadjie van twyfel is geplant. Daardie aand aan tafel, terwyl hulle
11 sappige biefstuk en gebakte aartappels eet, kyk sy na haar pa wat nooit enigiets
12 teken nie (behalwe tjeks) en haar ma wat nooit enigiets verf nie (behalwe haar
13 lippe soggens voor die spieël) en sy kry die krielrige gevoel dat sy nie aan
14 hierdie tafel hoort nie. Sy druk dit dadelik dood, die ry miertjies wat deur haar
15 maag marsjeer, en vra wat is daar vir nagereg. Tuisgemaakte sjokolademousse,
16 antwoord haar suster met 'n trotse glimlag. Camille het 'n slag in die kombuis,
17 veral met soetgoed, en gewoonlik is Fabienne mal oor haar suster se poedings.

- 2.1 Watter talent (reël 1) het Fabienne in haarself ontdek? (1)
- 2.2 Fabienne se suster het die bynaam “Suikervingers” gekry.
- 2.2.1 Watter bynaam het Fabienne se pa gekry? (1)
- 2.2.2 Watter bynaam het Fabienne se ma gekry? (1)
- 2.3 Fabienne was Hanna se alter ego.
- 2.3.1 Wat beteken *alter ego*? (1)
- 2.3.2 Waarom was dit vir Hanna nodig om hierdie alter ego te skep? (1)
- 2.3.3 Wat, dink jy, was die skrywer se doel met Hanna se stories oor Fabienne? (1)
- 2.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.4) neer, byvoorbeeld 2.4 E.
- In Hanna se “spektakel van 'n huis” (reël 5–6) in Kaapstad ...
- A het Hanna nie haar eie slaapkamer gehad nie.
B was die vensters dieselfde grootte.
C was die buitekant netjies geverf.
D het die dak in stormweer gelek. (1)

- 2.5 Dink jy Hanna het goeie rede gehad om oor hulle huis in Kaapstad krities te wees? Verduidelik jou antwoord. (1)
- 2.6 “... en ’n pa wat heeldag in ander se monde rondgrawe.” (Reël 2–3)
Waarom het Hanna so dikwels aan tande gedink? (1)
- 2.7 “... terwyl hulle sappige biefstuk en gebakte aartappels eet ...” (Reël 10–11)
Watter tipe kos het Mana meestal vir haar gesin gemaak? (1)
- 2.8 Hanna was baie positief oor Beyers, maar was ontevrede met die ander manlike gesinslede.
Verduidelik waarom Hanna ontevrede was met die volgende persone:
- 2.8.1 Gavin (1)
- 2.8.2 Amos en Tibo (1)
- 2.8.3 Yann (1)
- 2.9 In die verloop van die verhaal beseft die leser dat Hanna nie die enigste persoon is wat rede gehad het om ontevrede met ’n ma of pa te wees nie.
- 2.9.1 Gee EEN rede vir Tibo se ongelukkigheid oor sy pa. (1)
- 2.9.2 Waarom het Amos rede gehad om ongelukkig oor sy ma te wees? (1)
- 2.10 “Miskien is daardie verfkwasvrou my ma?” (Reël 8)
Sou jy dit ook as ’n “nagmerrie” beskryf het as die “verfkwasvrou” jou ma was? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)
- 2.11 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.11) en die antwoord neer.
Fabienne het in die uittreksel nie Camille se sjokolademousse geniet nie, want sy (was bang sy kry puisies/het gevoel sy pas nie by haar gesin in nie). (1)

EN

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

1 ... Vir die eerste keer in my lewe, liewe leser, *glo* ek dat ek rêrig 'n roman gaan
2 publiseer. Binne tien jaar.
3 “Ek gaan haar mis,” sug Gavin toe die helikopter met 'n winderige lawaai
4 opstyg.
5 “Ek ook,” sug ek.
6 Sharon kyk verras na my.
7 “Lyk my ou Hanna Heks is toe ook betower,” terg sy.
8 “My naam is nie Hanna Heks nie,” sê ek met my neus in die lug. “Ook nie
9 Hanna Hoekom nie. Van nou af kan julle my Fabulous Fabienne noem.”
10 “So 'n bekkie moet mos botter kry,” sê Gavin en drapeer sy arm oor my
11 skouer.
12 ... Miskien verbeel ek my. Maar ek kan sweer hy kyk met vaderlike trots na my.
13 Dan sien hy dat Yann kop onderstebo na 'n struik staan en skop, terwyl Amos
14 met 'n verwese uitdrukking oor Patat se wollerige lyf vryf, en hy klap sy hande
15 vasberade saam.
16 “Hoe gaan daardie gesegde nou weer?” vra hy terwyl die helikopter al hoe
17 kleiner word in die helderblou lug. “Die een van die kat wat weggaan?”
18 “As die kat weg is,” sê Amos met 'n skewe kop, “is die muis baas?”
19 “O nee, dis gans te outyds!” roep Gavin kamstig geskok uit. “Ons glo mos nie
20 in base en klase nie! ...”

2.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.12) neer, byvoorbeeld 2.12 E.

Hanna het die bynaam “Hanna Hoekom” (reël 9) gekry omdat sy ...

- A baie dinge bevraagteken het.
- B 'n baie ongewone mens was.
- C ontevrede was met haar lewe.
- D as baba nie “hoekom” kon sê nie. (1)

2.13 Sommige gesinslede het per helikopter vertrek.

- 2.13.1 Wie het die helikopter gereël? (1)
- 2.13.2 Hoekom moes Mana en Beyers saam met die helikopter vertrek? (1)
- 2.13.3 Waarom het Sharon verkies om op Botterberg te bly? (1)

2.14 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.14) en die antwoord neer.

Margot moes ook vertrek omdat sy 'n TV-reeks in (Johannesburg/Kaapstad) moes skiet. (1)

2.15 “Maar ek kan sweer hy kyk met vaderlike trots na my.” (Reël 12)

- 2.15.1 Aan die begin van die verhaal het Hanna gedink sy was nie goed genoeg vir Gavin nie. Gee 'n rede waarom sy so gedink het. (1)
- 2.15.2 Watter aanduiding is daar dat Gavin reeds by Hanna se geboorte vir Hanna lief was en haar aanvaar het? (1)

- 2.16 “Dan sien hy dat Yann kop onderstebo na ’n struik staan en skop, terwyl Amos met ’n verwese uitdrukking oor Patat se wollerige lyf vryf ...” (Reël 13–14)
- Op watter emosie, dink jy, dui hierdie aksies van Yann en Amos? (1)
- 2.17 Hoe het Gavin die kinders vermaak nadat die helikopter vertrek het? (1)
- 2.18 Hoekom word die laaste hoofstuk van hierdie roman “Vaarwel, fabelagtige Fabienne” genoem? (1)
- 2.19 Wat sou die titel van Hanna se roman wees? (1)
- 2.20 Kies 'n karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.20.1–2.20.4) neer, byvoorbeeld 2.20.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|---|---------|--------------------|
| 2.20.1 | Hierdie persoon was mal oor Hanna se skryftalent. | A | Beyers |
| 2.20.2 | Hierdie persoon het vir Hanna ’n spesiale pen gegee om haar lewensverhaal te skryf. | B | Gavin |
| 2.20.3 | Hierdie persoon het Hanna altyd ondersteun en vir haar raad oor haar kortverhale gegee. | C | Yann |
| 2.20.4 | Hierdie persoon het Hanna laat glo dat sy binne tien jaar ’n roman kan skryf. | D | Juffrou Liebenberg |
| | | E | Margot |

(4 x 1) (4)

- 2.21 Hoekom kan die leser Beyers as ’n rolmodel beskou? (1)
- 2.22 Uit wie se perspektief word die verhaal in hierdie roman vertel? (1)
- 2.23 Wat is die belangrikste les wat Hanna tydens die wittebroodvakansie geleer het? (1)

[35]**OF**

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

1 Die nag sleep voort deur momente van opflikkerende hoop: Miskien sal
2 Elsabet die oggend haal, voor die kind kom. Miskien sal die wind gaan lê.
3 Miskien kan Jacob teen ligdag met die Sterretjie wal toe vaar. Maar teen twee-
4 uur het die kraampyne mekaar heftig en kort-kort opgevolg. Elsabet, met
5 hygende asem en dowwe oë, het hulpeloos na Ryna opgekyk. Ryna het sag-
6 paaierend met haar bly praat, haar voorkop afgevee, kussings onder haar rug
7 ingeprop, haar skouers gevryf.
8 Kwart oor twee het Jacob jettie toe gegaan en die laaste noodfakkel gaan
9 afskiet. Die wind het die water opgekarring en die rasende branders het boë wit
10 skuim op die rotse laat reën.
11 Toe hy terugkom, was Elsabet besig om geboorte te gee aan 'n dogtertjie.
12 En Ryna het vir Jacob 'n skêrtjie uit die kom kookwater aangegee om die
13 naelstring mee te knip. Die babatjie was bitterlik klein. Ryna het haar met
14 bewende hande daar in die kamer gewas. Daar was babagoedjies in die
15 laaikassie en hulle het haar aangetrek en toegedraai. Elsabet was reeds
16 uitgeput vas aan die slaap. Hulle het Elsabet toegemaak, die gaslamp
17 afgedraai, en die kamer opgeruim.
18 Maar die nag was nog lank nie verby nie. Die babatjie het nie geskreeu nie.
19 Haar asempie was vlak.

- 3.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.1) en die antwoord neer.

Jacob het beseft dat Elsabet nooit op Meeuland wou wees nie, want vir haar was dit soos 'n (tronk/begraafplaas).

(1)

- 3.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2) neer, byvoorbeeld 3.2 E.

Die doel van die Sterretjie was altyd om ...

- A van die boot af tot by Meeuland te kom.
B van Meeuland tot in Salamanderbaai te kom.
C noodfakkels in die see te gaan afstuur.
D met diepseenuavorsing op die eiland te help.

(1)

- 3.3 Hoekom kon Jacob nie vir Elsabet Salamanderbaai toe vat toe haar kraampyne begin het nie?

(1)

- 3.4 Hoekom het Jacob skuldig gevoel omdat Elsabet nog op die eiland was toe sy kraampyne begin kry het?

(1)

- 3.5 Hoekom was Ryna so bang om vir Elsabet met die geboorte te help?

(1)

- 3.6 Wat wou Jacob hê moes Jannerik doen om die skepe se aandag te trek?

(1)

- 3.7 Watter tragedie het daardie aand op Meeuland afgespeel?

(1)

- 3.8 Watter DRIE besluite het Jacob, Ryna en Jannerik daardie aand saam geneem? (3)
- 3.9 Watter belangrike rol het Ryna na daardie aand in Jacob se lewe begin speel? (1)
- 3.10 Dink jy die besluite daardie aand op die eiland was regverdig teenoor Elsabet? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 3.11 Min mense het van Kinnie se baba geweet.
- 3.11.1 Wat het Ousanna vir die ander mense oor Kinnie se dood vertel? (1)
- 3.11.2 Vir wie het Ousanna later ook vertel dat Kinnie 'n baba gehad het? Hoekom het sy dit vertel? (2)
- 3.12 Die geboorte van Elsabet se kind het Ryna se perspektief op die lewe verander.
- Wat was Ryna se perspektief op haar eie lewe ná hierdie nag? (1)
- 3.13 Watter morele kwessie word in hierdie uittreksel aangeraak? (1)
- 3.14 Jacob, Jannerik en Ryna se verlede het 'n rol in hulle koms na Meeuland gespeel.
- Waarom was Meeuland vir hierdie drie karakters 'n goeie plek om te wees? (1)
- 3.15 Hoekom is sekere dele in die boek kursief/in skuinsdruk geskryf? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

1 "... Dit was 'n doodloopstraat. Maar ek ... dit was wonderlik ... al het ek geweet
2 daar kan niks van kom nie ... die man was getroud. En tog ... het ek keer op keer
3 teruggegaan ... om elke keer te weet dat die prys uiteindelik net een naam het ...
4 nee, twee: pyn en ellende."
5 Hulle gaan sit op 'n rots met hulle voete in die vlak water. Elsabet sug: "En toe
6 kom Jacob. Ek het gedink ek kan die verlede op Meeuland gaan begrawe ... van
7 voor af begin ... waar niemand van my pyn weet nie. Toe trou ons. Dit was geen
8 oplossing nie. Want Jacob is 'n eenkantmens. Ek weet nie of hy ooit 'n vrou
9 nodig gehad het nie. Hy't Meeuland."
10 Daar is 'n lang oomblik van stilte.
11 "Hy't jou nodig," sê Ryna uiteindelik.
12 Elsabet glimlag wrang: "Sy ma was reg. Sy't eenkeer gesê die eiland kies wie
13 hy daar wil hê. Ek hét probeer, Ryna. Ek wil nie meer daar wees nie. Ek kan nie
14 daar gelukkig wees nie."
15 Ryna kyk haar dringend aan. "Probeer nog een keer, Elsabet. Ek sal jou
16 probeer help. Ons kan saam 'n tuin begin. Jy sal sien ... as jy besig is, sal ..."
17 Elsabet skud haar kop stadig. "Jy ... jy's soos hy. Jy sal nie verstaan nie ..."

- 3.16 Wat was die “doodloopstraat” (reël 1) waarna Elsabet verwys het? (1)
- 3.17 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.17) en die antwoord neer.
Elsabet het op Meeuland geleer om Ryna te (beskerm/vertrou). (1)
- 3.18 Noem TWEE moeilike keuses wat Elsabet na die kind se geboorte gemaak het. (2)
- 3.19 Elsabet se lewe in Salamanderbaai was ook nie gelukkig nie.
Noem TWEE faktore wat tot Elsabet se ongelukkigheid bygedra het. (2)
- 3.20 Hoekom is dit ironies dat ant Hansie aan Elsabet gesê het: “die eiland kies wie hy daar wil hê” (reël 12–13)? (2)
- 3.21 Kies 'n karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.21.1–3.21.4) neer, byvoorbeeld 3.21.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|--|---------|------------|
| 3.21.1 | Hierdie persoon het haar kind in 'n brand verloor. | A | Ousanna |
| 3.21.2 | Hierdie persoon het vir haar kind 'n wekkertjie agtergelaat. | B | ant Hansie |
| 3.21.3 | Hierdie persoon was bekommerd omdat sy alles vooruit kon sien. | C | Kinnie |
| 3.21.4 | Hierdie persoon was bekommerd dat haar kind sy hart Meeuland toe gevolg het. | D | Ryna |
| | | E | Elsabet |

(4 x 1) (4)

- 3.22 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.22) neer, byvoorbeeld 3.22 E.

Elsabet se dood is deur 'n ... veroorsaak.

- A motorongeluk
B skietvoorval
C storm
D brand

- 3.23 Het Fred aan die einde van die verhaal verantwoordelikheid vir sy dade teenoor Jacob aanvaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 3.24 Het die band tussen Jannerik en Ryna tot aan die einde van die verhaal sterk gebly? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 3.25 Dink jy *Meeulanders* is 'n gepaste titel vir die roman? Verduidelik jou antwoord. (1)

[35]**TOTAAL AFDELING A: 35**

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 4: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

| | |
|----|---|
| 1 | HOEDJIE. Daar het ouma Hannie die kinders grootgemaak. |
| 2 | OUMA HANNIE. Maar toe die kinders nou groter word, toe trek ek nou met die |
| 3 | kinders oor die rivier daar na Upington sodat hulle skool en kerk kon kry. (<i>Die</i> |
| 4 | <i>ander spelers begin sag die skoollied sing – sy luister daarna.</i>) Maar die |
| 5 | kinders het nie lank skool gegaan nie. Kaffertjie het weggetrek Koegas toe en |
| 6 | by 'n boer gaat werk en Domani is weg oorlog toe en hy het nóóit weer |
| 7 | teruggekom nie. Die ander kinders het maar so rondgewerk van Lüderitz af, |
| 8 | al langs die spoor; Upington, Putsonderwater, Draghoender en Prieska. En |
| 9 | ons meisiekinders het uitgetrou en ná hulle troues maar gewerk soos hulle |
| 10 | kon. |
| 11 | POPPIE. My mama wou nie haar man gehad het nie – hy het op die see kom |
| 12 | werk by Lüderitzbucht, toe sien hy haar en hy het al met die wind same al |
| 13 | agter haar aangeloop en verlief geraak op haar. (<i>Plank en Hoedjie spot haar:</i> |
| 14 | <i>“Verlief geraak op haar!”</i>) |
| 15 | MOSIE. Toe gaan hy nou Upington toe om ouma Hannie te vra om met my |
| 16 | mama Lena te trou. |
| 17 | OUMA HANNIE. Hy was glad met sy bek en hy't groot lobola betaal. |
| 18 | HOEDJIE. Maar toe't hy nou een Saterdagoggend weggeloop en vir die oorlog |
| 19 | gaan teken. Hy is toe weggestuur na die Noorde as lorriedrywer en hy het |
| 20 | nooit weer teruggekom nie. |

- 4.1 Hoekom het ouma Hannie haar kinders alleen grootgemaak? (1)
- 4.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.2) en die antwoord neer.
- Ouma Hannie was met 'n (plaaswerker/skaapskeerder) getroud. (1)
- 4.3 Hoekom was ouma Hannie so spesiaal vir Poppie en haar broers? (1)
- 4.4 Ouma Hannie kon meer as een taal praat.
- 4.4.1 Noem EEN taal wat ouma Hannie kon praat. (1)
- 4.4.2 Hoekom het ouma Hannie vir Poppie en haar broers kwaad geword oor die taal wat hulle gepraat het? (1)
- 4.4.3 Hoe het die taal wat Poppie by ouma Hannie geleer het, haar later in haar huwelik met Stone gehelp? (1)
- 4.5 “*Die ander spelers begin sag die skoollied sing – sy luister daarna.*” (Reël 3–4)
- Noem EEN funksie van die verskillende liedere in hierdie drama. (1)
- 4.6 Ouma Hannie was 'n rolmodel vir Poppie.
- Noem TWEE dinge wat Poppie by ouma Hannie geleer het. (2)

- 4.7 Hoekom kon Poppie en mama Lena nie hulle kinders self grootmaak nie? (1)
- 4.8 Watter waarde het die inligting oor Poppie se geskiedenis vir die leser? (1)
- 4.9 Kies 'n karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.9.1–4.9.4) neer, byvoorbeeld 4.9.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|---|---------|------------------|
| 4.9.1 | Hierdie persoon was 'n ryk bokboer in die Carnarvon-omgewing. | A | Poppie |
| 4.9.2 | Hierdie persoon het op haar oudag by familie op Lambertsbaai gaan bly. | B | Katie |
| 4.9.3 | Hierdie persoon het op Lambertsbaai gewerk om vir haar kinders te kan sorg. | C | Grootouma Kappie |
| 4.9.4 | Hierdie persoon het daarvan gehou om <i>Die Jongspan</i> te lees. | D | Ouma Hannie |
| | | E | Mama Lena |

(4 x 1) (4)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

- 1 MRS SWANEPOEL. Ek sal vir jou dertig rand in die maand betaal, Rachel.
 2 POPPIE. Dan sal ek maar net tot Vrydag toe vir die miesies kan uithelp, want ek
 3 kan nie vir dertig rand in die maand werk nie ... ek het vyf kinders en dit kos
 4 geld om hulle te onderhou.
 5 MRS SWANEPOEL. Ek verstaan. Sal jy kan bly as ek vir jou veertig rand in die
 6 maand betaal?
 7 POPPIE. Dis goed so.
 8 MRS SWANEPOEL. Het jy pas, Rachel?
 9 POPPIE. Ek het 'n pas, maar dis nie reg nie.
 10 MRS SWANEPOEL. Nou ja, dis net vir 'n maand. Jy moet net liewers nie die
 11 voordeur oopmaak as die deurklokkie lui nie, want die inspectors is nogal
 12 baie woelig in die straat. En as hulle jou vang en jou pas is nie reg nie, dan's
 13 dit ek wat die boete moet betaal.
 14 JAKKIE. Mrs Swanepoel was 'n besige vrou en moes baie uitgaan.
 15 Mrs Swanepoel het van Poppie se manier van werk gehou.
 16 MRS SWANEPOEL. Ek hoef jou niks voor te sê nie, Rachel, ek kan sien jy ken
 17 die werk.
 18 *(Poppie stryk klere op trommel.)*
 19 MRS SWANEPOEL. Jy't 'n netjiese hand, Rachel. Jy't seker by witmense
 20 grootgeword. Jy kook ook goed.

 21 MOSIE. Dis wat jy lankal moes gedoen het, Sisi. Net by gowwerment-mense
 22 gaan werk het, cause why, hulle hou van hulle comfort.

- 4.10 Poppie het weggegaan uit Mdantsane terug Kaap toe en van haar kinders moes in die Ciskei agterbly.
- 4.10.1 Hoekom wou Poppie nie langer in Mdantsane bly nie? (1)
- 4.10.2 Dink jy dit was die regte ding vir Poppie om haar dogters na haar skoonmense op Herschel te neem? Motiveer jou antwoord. (1)
- 4.10.3 Hoekom het Poppie daarop aangedring dat Bonsile in die Ciskei moes bly? (1)
- 4.10.4 Hoekom kon Bonsile op hierdie stadium nie self sy kind versorg nie? (1)
- 4.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.11) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.11 E.
- Poppie het Vukile later Kaap toe gebring omdat ...
- A sy bang was hy haar nie meer sou herken nie.
B hy Poppie se mense moes leer ken.
C hy net te sieklik en verwaarloos was.
D sy graag met haar kleinkind wou spog. (1)
- 4.12 Hoe het Poppie die werk by Mrs Swanepoel gekry? (1)
- 4.13 Hoekom was Poppie en haar familie so ongelukkig oor die paswetstelsel? (1)
- 4.14 Op watter TWEE maniere het Mrs Swanepoel Poppie se lewe makliker gemaak? (2)
- 4.15 Noem EEN geleentheid toe Poppie by Mrs Swanepoel afgekry het. (1)
- 4.16 Poppie se broers het dit reggekry om altyd 'n pas te hê.
- 4.16.1 Hoekom het Poppie dan altyd gesukkel om 'n pas te kry? (1)
- 4.16.2 Hoekom, dink jy, het mama Lena rede gehad om bekommerd te wees oor Poppie se probleme met 'n pas? (1)
- 4.16.3 Hoe het Jakkie gereageer toe Poppie met 'n pas reggekom het? (1)
- 4.17 Poppie het dikwels swaargekry sodat haar kinders 'n beter lewe kon hê.
Gee DRIE voorbeelde van hierdie swaarkry uit Poppie se lewe. (3)
- 4.18 Poppie se Xhosa-naam beteken “meisie uit 'n geslag van groot vroue”.
Hoekom is dit 'n goeie beskrywing van wie Poppie is? (1)

- 4.19 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.19) en die antwoord neer.
Die kommunikasie tussen die karakters in 'n drama word (dialogoog/ toneelaanwysings) genoem. (1)
- 4.20 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.20) neer, byvoorbeeld 4.20 E.
Poppie is die ... in hierdie drama.
A protagonis
B antagonis
C newekarakter
D dramaturg (1)
- 4.21 Wat is die “comfort” (reël 22) waarna Mosie hier verwys het? (1)
[35]

OF**VRAAG 5: PALJAS – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

| | |
|----|--|
| 1 | 34. 'n Leë stuk Karoolandskap met die horison hier naby. Net 'n bossiebult. Dan |
| 2 | verskyn die kop en rug van 'n olifant oor die horison. En eers wanneer hy halfpad |
| 3 | oor die bult is, word die nar sigbaar wat voor hom stap; 'n nar in volle mondering, |
| 4 | wat hom aan 'n tou lei. Die olifant hou die tou met sy slurp vas. |
| 5 | Klein Willem staan vir die aankomende prosessie en kyk. |
| 6 | Die nar stap reg op Willempie af. En kom staan voor hom. |
| 7 | NAR: Hello. <i>(Die kind antwoord nie.)</i> Wat is jou naam? <i>(Niks.)</i> Is jy skaam? <i>(Nog</i> |
| 8 | <i>geen reaksie nie. Willempie kyk net vir die olifant.)</i> Dè. <i>(Hy druk die tou in die</i> |
| 9 | <i>kind se hand.)</i> Loop bietjie met hom. <i>(Die kind staan net met die tou.)</i> Trek hom. |
| 10 | Jy sal sien. Hy sal loop as jy trek. <i>(Willempie staan net. En die nar begin</i> |
| 11 | <i>aanstap. Hy stap weg van hulle af. Tien treë weg kyk hy om.)</i> Bring hom! Trek; |
| 12 | hy sal kom. <i>(En Willempie kyk vir die olifant. En trek. En die olifant kom.)</i> Jy |
| 13 | sien? |
| 14 | 35. 'n Montage van die olifant wat al agter Willempie aanstap. Eers met die nar |
| 15 | naby hulle. Dan met die nar op die agtergrond. |

- 5.1 Hoe het die nar en die olifant op Toorwater beland? (1)
- 5.2 Willem het gesien hoe die nar en olifant nader stap.
- 5.2.1 Wat word bedoel met die nar se “volle mondering”? (Reël 3) (1)
- 5.2.2 Hoe, dink jy, het Willem gevoel toe hy vir die aankomende prosessie staan en kyk het? (Reël 5) (1)

- 5.3 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.3) en die antwoord neer.
Willem se ontmoeting met die nar het amper dadelik 'n (positiewe/negatiewe) invloed op Willem se selfbeeld gehad. (1)
- 5.4 Waar het Manuel en Willem dikwels saam gekuier? (1)
- 5.5 Willem het twee jaar lank nie gepraat nie.
Hoe het Manuel uitgevind wat Willem se naam is? (1)
- 5.6 Manuel het later vir Willem geleer hoe om met die balle te toor.
Noem TWEE ander toertjies wat Willem by Manuel geleer het. (2)
- 5.7 Hoe het Manuel in sy tyd op Toorwater vir Willem emosioneel ondersteun? (1)
- 5.8 Willem het gewys dat hy ook vir Manuel omgee het.
Watter DRIE dinge het Willem vir Manuel gedoen om aan te dui dat hy omgee het? (3)
- 5.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.9) neer, byvoorbeeld 5.9 E.
Die polisie het gedink dat die ... in die skuur soos duiwelskuns gelyk het.
A leeutande
B vuurmaakplek
C bobbejaan se kopbeen
D tekeninge teen die muur (1)
- 5.10 Kies 'n karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.10.1–5.10.4) neer, byvoorbeeld 5.10.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|---|---------|------------------|
| 5.10.1 | Hierdie persoon was baie ontsteld toe hy die polisiehonde gesien het. | A | Hendrik |
| 5.10.2 | Hierdie persoon het gedink die nar maak 'n grap van die kerk. | B | Jan Mol |
| 5.10.3 | Hierdie persoon moes die nar uit die kerk verwyder. | C | Dominee |
| 5.10.4 | Hierdie persoon het die nar raakgeskiet. | D | Ouderling Bothma |
| | | E | Willem |

(4 x 1) (4)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

1 HENDRIK: Of wat? (*Op die agtergrond kom Katrien vervaard aangehardloop.*
2 *Maar sy steek nou vas. Hendrik kyk in die rigting waarin sy kyk. Dis Willem*
3 *wat twintig treë agter Hendrik staan.*) Willem. Swernoot. Kom hier. (*En dan*
4 *vinnig tot Jan Mol terwyl hy die geweer weer effens lig.*) Roer net. Roer net.
5 Ek is lankal lus vir jou. (*Tot Willem.*) Willem, kom hierso. (*Willem begin stadig*
6 *nader kom. Dit lyk of hy in sy slaap loop.*) Toe, maak gou. Ons het nie
7 heeldag tyd nie. (*Maar Willem laat hom nie aanjaag nie.*) Katrina, bly waar jy
8 is. (*Willem kom tot by Hendrik.*) Wie's dit dié?

9 Willem kyk af; kyk vir sy pa.
10 Van die huis se kant af kom Nollie ook nou aangedraf met Emma 'n entjie
11 agter hom.

12 WILLEM: Manuel.
13 HENDRIK: Wat maak hy hier?
14 WILLEM: Hy's my maat.

15 Hendrik kyk vir Jan Mol. Dan gooi hy vir hom die geweer.

16 HENDRIK: Dè, vat julle speelgoed.
17 Hy buk en tel Manuel op. Die nar hang slap in sy arms.
18 Daar loop bloed oral van hom af.
19 Katrien is nou ook by hulle. En Nollie. En Emma.

20 NOLLIE: Gee. Ek sal hom vat.
21 HENDRIK: Toe maar. (*Hy draai om en begin loop.*) Kom, Willem.

22 Hulle stap huis toe. Hendrik in die middel met Manuel in sy arms.
23 Weerskante van hom Willem en Katrien, en Emma en Nollie.

- 5.11 Jan Mol is in die drama bekend as 'n bakleier, 'n skinderbek en 'n opstoker.
- 5.11.1 Wie, behalwe Hendrik, was ook voorheen in konflik met Jan Mol? (1)
- 5.11.2 Noem TWEE van die leuens wat Jan Mol in die dorp oor Willem vertel het. (2)
- 5.11.3 Wat het Jan Mol gedoen wat bewys dat hy 'n opstoker is? (1)
- 5.12 Dit is duidelik dat Hendrik vroeër in die drama nie van Manuel se bestaan geweet het nie.
- Gee 'n rede hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)
- 5.13 Hendrik se optrede in reël 17 pas nie by sy karakter soos ons hom leer ken het nie.
- Hoe verwag die leser dat Hendrik sou optree? (1)

- 5.14 “Hulle stap huis toe. Hendrik in die middel met Manuel in sy arms. Weerskante van hom Willem en Katrien, en Emma en Nollie.” (Reël 22–23)
- Met hierdie woorde in die teks word ’n visuele beeld van die gesin geskep. Wat word met hierdie beeld oor die gesin oorgedra? (1)
- 5.15 Hendrik het vir Manuel opgetel en huis toe gedra.
- 5.15.1 Op watter ander konkrete manier het Hendrik later vir Manuel gehelp? (1)
- 5.15.2 Wat het Katrien gedoen om vir Manuel te help? (1)
- 5.16 Manuel het ’n musiekinstrument bespeel.
- 5.16.1 Watter musiekinstrument het Manuel bespeel? (1)
- 5.16.2 Hoekom het Manuel die musiekinstrument later vir Willem gegee? (1)
- 5.16.3 In hierdie drama het musiek simboliese waarde.
- Wat het Emma se goeie klavierspel aan die einde van die drama gesimboliseer? (1)
- 5.17 Manuel het baie mense deur sy paljas bereik.
- 5.17.1 Hoe het die paljas Hendrik se verhouding met sy gesin verander? Gee TWEE feite. (2)
- 5.17.2 Lees weer die stelling hierbo (VRAAG 5.17).
- Hoe kan jy, soos Manuel, die mense om jou se lewens verbeter? (1)
- 5.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.18) neer, byvoorbeeld 5.18 E.
- Die teks van ’n storie wat verfilm word, word ’n ... genoem.
- A roman
B draaiboek
C storieboek
D drama (1)
- 5.19 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.19) en die antwoord neer.
- Die kommunikasie tussen die karakters in ’n drama word (dialoog/rekwisiete) genoem. (1)
- 5.20 “Gee. Ek sal hom vat. ” (Reël 20)
- Noem EEN goeie ding wat jy, na aanleiding van hierdie woorde, by Nollie kon leer. (1)

[35]**TOTAAL AFDELING B: 35**

AFDELING C: KORTVERHALE**STORIEJOERNAAL****BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE DIE KORTVERHALE.****VRAAG 6****“OP SOEK NA KID KHUMALO” – Dolf van Niekerk**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|----|--|
| 1 | “Kyk hoe laat jy my skrik!” sê Johanna. |
| 2 | Hy lag en gaan sit langs haar. |
| 3 | “Ek het jou gesê jy moet wag tot ek kom,” bestraf hy. |
| 4 | “Jy kom mos nie altyd nie – ek kan nie so lank wag nie.” |
| 5 | Sy glo lankal ’n vrou moet nooit vir ’n man wag nie. Kid en Thomas se pa het |
| 6 | mos net eendag verdwyn. Sy het jare lank gehoop en gewag, maar sy het hom |
| 7 | nooit weer gesien nie. Later was daar stories dat hy geloop het omdat sy nie |
| 8 | wou trou nie. Trou? Hulle het dan die twee kinders gehad en sy moes werk om |
| 9 | die kinders op skool te hou. Hy kon nooit ’n werk behou nie, maar hy wou haar |
| 10 | verplig om op te hou werk as hulle getroud is. Hy het vas geglo haar plek is in |
| 11 | die huis, al het hulle nie kos of klere nie. |
| 12 | “Ek het jou maar kom sê van Kid,” laat Frans hoor. |
| 13 | “Wat van Kid?” |
| 14 | “Kid is nie by die werk nie.” |
| 15 | “Hoe weet jy?” |
| 16 | “Onthou jy nog vir Thabo? Hy werk saam met Kid. Ek kry hom gister by |
| 17 | Denneboom-stasie. Hy sê hulle soek na Kid.” |
| 18 | Sy sug. Haar been pyn meteens, en die snaakse verlange en vrees wat haar |
| 19 | elke keer pak as dit lyk of Kid weer die spoor byster kan raak, keer pynlik terug. |

- 6.1 Waar was Frans en Johanna toe hy die slegte nuus oor Kid gebring het? (1)
- 6.2 Hoekom kon Johanna nooit by Thomas-hulle gaan bly het nie? (1)
- 6.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.3) neer, byvoorbeeld 6.3 E.
- Johanna het min kontak met ander mense gehad, maar haar ... het soms kom kuier.
- A niggie
B kleinkind
C seun se vriend
D seun se vriendin (1)
- 6.4 Johanna se seer been word dikwels in die verhaal genoem.
Hoe laat dit jou, as leser, teenoor Johanna voel? (1)

- 6.5 “Hy kon nooit ’n werk behou nie, maar hy wou haar verplig om op te hou werk as hulle getroud is.” (Reël 9–10)
- 6.5.1 Wat sê hierdie standpunt van Kid en Thomas se pa se karakter? (1)
- 6.5.2 Wat was die gevolg van Johanna se besluit om nie met Kid en Thomas se pa te trou nie? (1)
- 6.6 “... die snaakse verlange en vrees wat haar elke keer pak as dit lyk of Kid weer die spoor byster kan raak, keer pynlik terug.” (Reël 18–19)
- 6.6.1 Noem EEN voorbeeld uit die verhaal van hoe Kid in sy jonger jare onverantwoordelik was. (1)
- 6.6.2 Watter inligting in die verhaal wys dat Kid se lewe stabiel was in die tyd toe hy verdwyn het? (1)
- 6.7 Tien dae nadat Johanna gehoor het dat Kid verdwyn het, het sy nog geen verdere nuus ontvang nie.
- 6.7.1 Waarom kon Johanna nie van haar werkplek af bel om meer inligting te kry nie? (1)
- 6.7.2 Wie het Kid se werkplek namens Johanna gebel om meer inligting oor Kid te kry? (1)
- 6.8 Toe Thomas later na Kid se huis gegaan het, het die bure nie eintlik gehelp om inligting oor Kid te gee nie.
- Gee ’n rede hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)
- 6.9 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.9) en die antwoord neer.
- Toe Thomas by Kid se huis gekom het, was (die voorkeur gesluit/alles op hul plek). (1)
- 6.10 Kies ’n ruimte/plek uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.10.1–6.10.4) neer, byvoorbeeld 6.10.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|---|---------|--------------------|
| 6.10.1 | Die plek waarheen Kid moontlik verdwyn het | A | Kalafong-hospitaal |
| 6.10.2 | Die plek waar Kid gewoon het | B | Dennilton |
| 6.10.3 | Die plek waar die ma van Kid se kind gewoon het | C | Soshanguve |
| 6.10.4 | Die plek waar Kid werk gehad het | D | Mamelodi |
| | | E | Bloemfontein |

(4 x 1) (4)

- 6.11 Dit was vir Frans moeilik om vir Johanna emosionele sekuriteit te gee.
Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (1)
- 6.12 Watter les het jy in hierdie verhaal geleer oor hoe jy jou ouers moet behandel? (1)

EN**“ASTRA CASTRA” – Dot Serfontein**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|----|--|
| 1 | Dit blyk nie so erg te wees nie. Oom Spekies by die huis is heeltemal 'n ander |
| 2 | mens as die gevreesde hoof by die skool, en om saans voor die kaggelvuur te |
| 3 | leer, terwyl die koshuisbrakke by hul boeke sit en bibber, is nogal 'n aardigheid. |
| 4 | Minder lekker om soggens halfses in die donker af te stryk atletiekbaan toe, |
| 5 | waar Bittergal staan en wag. En ná die oefening stap hulle saam weg, en hy |
| 6 | gesels. Altyd oor atletiek. |
| 7 | Maar sy leer baie meer as net van atletiek. Sy sien sy verterende idealisme |
| 8 | en die toewyding waarmee hy haar afrigting doen, die noukeurigheid van |
| 9 | besonderhede. Sy merk ook op dat hy geen vriende het nie. Hoewel hy die |
| 10 | verloofde van 'n gewilde meisie is, kom hy met 'n ongelukkige gesig soggens op |
| 11 | die veld aan. Eers daar raak hy kalm. |
| 12 | En sy merk dat sy self soggens ongelukkig by die baan kom, want sy raak |
| 13 | ook afgesonder van haar maats, deel nie meer in hul gesprekke nie. So praat |
| 14 | die meisies lankal van die koshuispartytjie voor sy iets daarvan agterkom. |
| 15 | Ek is nie gevra nie, moet sy erken. “Maar Dolf wil jou vra. Hy is net bang vir |
| 16 | Bittergal. Hy sal darem nie nóg straf vat net vir jou nie.” |
| 17 | “Bittergal is nie my pa nie. Maar Dolf hou net nie meer van my nie.” |

- 6.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.13) neer, byvoorbeeld 6.13 E.

Die letterlike betekenis van die titel van die verhaal is ...

- A “God my lamp”.
B “God my kamp”.
C “die sterre my lamp”.
D “die sterre my kamp”. (1)

- 6.14 Kies die regte woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.14) en die antwoord neer.

In die loop van die verhaal is dit duidelik dat die titel op (ambisie/geloof) dui. (1)

- 6.15 Vir watter atletiekbyeenkoms het Ettie voorberei deur soggens om halfses te oefen? (1)

- 6.16 'n Onderwyser wat 'n atleet afrig, het dikwels 'n ander verhouding met die atleet as die gewone onderwyser-leerder-verhouding.
Motiveer hierdie stelling deur te verwys na hoe Eben teenoor Ettie opgetree het. (1)
- 6.17 Eben het gereël dat Ettie tot aan die einde van die kwartaal by die skoolhoof moes bly.
Waarom kon Ettie nie in die koshuis bly nie? (1)
- 6.18 Eben word in die verhaal "Bittergal" (reël 5, 16 en 17) genoem.
Wat het veroorsaak dat hy so bitter geword het? (1)
- 6.19 Waarom het Eben eers by die atletiekveld kalm geword? (Reël 11) (1)
- 6.20 "Hy sal darem nie nóg straf vat net vir jou nie." (Reël 16)
- 6.20.1 Waarom is Dolf gestraf? (1)
- 6.20.2 Hoekom was Dolf bereid om die straf namens Ettie te dra? (1)
- 6.20.3 Hoe het Eben se verloofde op Eben se hantering van die situasie in die wiskunde klas gereageer? (1)
- 6.21 Die koshuispartytjie (reël 14) het vir Ettie probleme veroorsaak.
Noem DRIE dinge wat Eben gesê het toe hy hoor Ettie wou koshuispartytjie toe gaan. (3)
- 6.22 Wat het Dolf belowe om te doen om Ettie op die dag van die wedloop te ondersteun? (1)
- 6.23 Wat was die uitslag van die wedloop? (1)
- 6.24 Het jy simpatie met Ettie, die hoofkarakter van hierdie verhaal? Verduidelik jou antwoord. (1)
- 6.25 Wat kan ouers en onderwysers uit hierdie verhaal leer? (1)

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE**VERSJOERNAAL****BEANTWOORD VRAE OOR AL TWEE DIE GEDIGTE.****VRAAG 7**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Stad in die mis – DJ Opperman

1 Met gespanne spier
2 loop ek deur die mis
3 want om my sluip 'n dier
4 onder wit duisternis;
5 ek hoor hom knor en in oop mote
6 waggel sy pilare-pote
7 en sy kantelende rug metaal;
8 op hoeke van die strate blink
9 sy oë bloedbelope,
10 en met sy hap sluit staal op staal.

- 7.1 “Met gespanne spier
loop ek deur die mis” (Reël 1–2)
- 7.1.1 Watter soort spreker is in hierdie gedig aan die woord? (1)
- 7.1.2 Wat is die funksie van hierdie soort spreker? (1)
- 7.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.2) neer, byvoorbeeld 7.2 E.
- Die gebruik van die kort versreëls in die gedig dui op die ... in die stad.
- A besoedeling
B gejaagdheid
C gevangenskap
D geraas (1)
- 7.3 Dit wat die spreker sien, kom die sterkste in die gedig na vore.
- 7.3.1 Watter ander sintuig word ook in die gedig betrek? (1)
- 7.3.2 Haal 'n REËL aan om jou antwoord op VRAAG 7.3.1 te motiveer. (1)

- 7.4 Kies die woorde uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4.1–7.4.3) neer, byvoorbeeld 7.4.4 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|--------------------------------|---------|------------------|
| 7.4.1 | Die strate tussen die geboue. | A | “wit duisternis” |
| 7.4.2 | Die mis in die stad. | B | “oop mote” |
| 7.4.3 | Die verkeersligte in die stad. | C | “staal op staal” |
| | | D | “oë bloedbelope” |

(3 x 1) (3)

- 7.5 Haal 'n reël aan waarin alliterasie voorkom en onderstreep die allitererende klanke. (1)
- 7.6 Die spreker en die dier beweeg op verskillende maniere deur die stad.
- 7.6.1 Hoe weet jy dat die spreker nie rustig loop nie? (1)
- 7.6.2 Haal EEN woord aan wat die beweging van die dier aandui. (1)
- 7.7 “ek hoor hom knor ...” (reël 5)
- 7.7.1 Word die woord “knor” denotatief of konnotatief in die gedig gebruik? (1)
- 7.7.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 7.7.1. (1)
- 7.8 Kies die regte woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.8) en die antwoord neer.
- Die digter gebruik (enjambement/kommapunte) om die gedig in drie dele te verdeel. (1)
- 7.9 Gee EEN woord om die atmosfeer in hierdie gedig te beskryf. (1)
- 7.10 Wat is die boodskap van die gedig? (1)
- 7.11 Die stad word as 'n dier uitgebeeld.
- Wat noem ons hierdie beeldspraak? (1)
- 7.12 Hoekom, dink jy, pas die gebruik van die woord “mis” so goed by die inhoud van die gedig? (1)

EN

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Things that go bump in the night – Rosa Keet

1 jy los my alleen
 2 in 'n huis vol geluide
 3 en hoe minder ek probeer luister
 4 hoe harder klink die klank
 5 van 'n onbekende voetstap
 6 op die donker trap
 7 bang vaak verdwaal ek laat
 8 in die gange op soek
 9 na slaap
 10 wat om elke naghoek verdwyn
 11 ek skrik
 12 vir die naaldekkerstraatlig
 13 deur skaars bewegende blare
 14 jou jas aan die kapstok
 15 is 'n man sonder bene
 16 ek is bang
 17 vir die stofsuierslang
 18 op die vloer van die spens
 19 en tot jy terugkom
 20 sleep ek my vrees
 21 soos 'n kis agter my aan

- 7.13 Waarna verwys die titel van die gedig? (1)
- 7.14 Kies die regte woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.14) en die woord neer.
 Die titel van die gedig was oorspronklik deel van 'n (kindergebed/kortverhaal). (1)
- 7.15 Die spreker in die gedig is 'n dapper mens.
 Stem jy saam met hierdie stelling? Verduidelik jou antwoord. (1)
- 7.16 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit die gedig aan wat aandui dat die spreker glo dat daar 'n vreemdeling in die huis is. (1)
- 7.17 Waarvandaan kom die geluid wat vir die spreker al harder klink? (1)
- 7.18 Waarna soek die spreker terwyl hy/sy in die huis rondloop? (1)
- 7.19 “bang vaak verdwaal ek laat” (Reël 7)
- 7.19.1 Die lang “aa”-klank word in hierdie reël herhaal.
 Wat word die herhaling van 'n vokaalklank genoem? (1)
- 7.19.2 Wat is die funksie van die herhaling van hierdie vokaalklank? (1)

- 7.20 “na slaap
wat om elke naghoek verdwyn” (Reël 9–10)
- Benoem die beeldspraak wat in hierdie reëls voorkom. (1)
- 7.21 Voltooi die volgende stelling. Skryf slegs die vraagnommer (7.21.1–7.21.2) en die antwoord neer.
- In reël 12 lyk die (7.21.1) ... vir die spreker soos ’n (7.21.2) ... (2)
- 7.22 Watter TWEE dinge wat die spreker binne-in die huis raaksien, maak haar bang? (2)
- 7.23 “na slaap” (Reël 9)
“ek skrik” (Reël 11)
“ek is bang” (Reël 16)
- Hoe laat die digter hierdie drie reëls in die gedig uitstaan? (1)
- 7.24 Voel jy jammer vir die spreker in hierdie gedig? Verduidelik jou antwoord. (1)
- 7.25 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.25) neer, byvoorbeeld 7.25 E.
- In reël 20–21 is daar ’n voorbeeld van ...
- A ’n hiperbool.
B ’n metafoor.
C personifikasie.
D ’n vergelyking. (1)
- 7.26 Dink jy die spreker in die gedig het sy/haar slaaploosheid op ’n sinvolle, logiese manier hanteer? Verduidelik jou antwoord. (1)

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70